KRUISKERK.CO.ZA
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Psalm 90
**Tema :** Wie is God vir jou ?

Ons waardeer elkeen se teenwoordigheid, van naby en van ver, van die Laeveld tot die Langkloof, rondom die Berg, van die voorstede, uit die Boland en tot by die Helderberge .

Hartlik welkom aan Andre en Marisa Beyers van Stellenbosch wat hulle eersteling, Pieter Andries Beyers, ten doop bring. Ons is dankbaar om hierdie sakrament met hulle familie en vriende te kan deel.

**Liedere vir vandag:**

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei…
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

O Heer, help my om altyd so te leef – om ander
hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself – en ook eerder
te gee as te verwag.

Laat, Heer u vrede deur my vloei…
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

O Heer, help my om altyd so te leef – om ander
hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself – en ook eerder
te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei…
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien."

Lied 293

Jesus neem ons kleine kinders
Met 'n hart vol liefde aan
Niemand mag dit ooit verhinder
Dat ons vry na Hom toe gaan
Loof die Here loof Hom almal
Halleluja Amen

Jesus hoor ons klein gebede
Waar ons ook op aarde gaan
Dag of nag ons weet vir seker
Dat ons nooit alleen sal staan
Loof die Here loof Hom almal
Halleluja Amen

Jesus gee aan ons Sy seen,
Lei ons op die regte pad
En ons weet dat Hy ons lief het
Hy het self ons hand gevat
Loof die Here loof Hom almal
Halleluja Amen

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
Waar daar liefde is, daar is God die Heer

Ubi caritas, et amor
Ubi caritas, Deus ibi est

Waar daar liefde is, en deernis
Waar daar liefde is, daar is God die Heer

## BROODJIES VIR DIE PAD

"No one can attain to truth by himself. Only by laying stone on stone with the cooperation of all, by the millions of generations from our forefather Adam to our own times, is that temple reared which is to be a worthy dwelling place of the Great God."
— Leo Tolstoy

"After nourishment, shelter and companionship, stories are the thing we need most in the world."
— Philip Pullman

“How can we embrace poverty as a way to God when everyone around us wants to become rich? Poverty has many forms. We have to ask ourselves: 'What is my poverty?' Is it lack of money, lack of emotional stability, lack of a loving partner, lack of security, lack of safety, lack of self-confidence? Each human being has a place of poverty. That’s the place where God wants to dwell! 'How blessed are the poor,' Jesus says (Matthew 5:3). This means that our blessing is hidden in our poverty.
We are so inclined to cover up our poverty and ignore it that we often miss the opportunity to discover God, who dwells in it. Let’s dare to see our poverty as the land where our treasure is hidden.”
— Henri J.M. Nouwen, Bread for the Journey

“In the Bible we read that while Christ hung on the cross a dark cloud engulfed him. What was this dark cloud? Did it signal the victory of nihilism or was it the dark dwelling place of God?”
— Peter Rollins, How (Not) to Speak of God: Marks of the Emerging Church

“I was not sure where I was going, and I could not see what I would do when I got [there]. But you saw further and clearer than I, and you opened the seas before my ship, whose track led me across the waters to a place I had never dreamed of, and which you were even then preparing to be my rescue and my shelter and my home.”
— Thomas Merton, The Seven Storey Mountain

“To journey for the sake of saving our own lives is little by little to cease to live in any sense that really matters, even to ourselves, because it is only by journeying for the world's sake - even when the world bores and sickens and scares you half to death - that little by little we start to come alive.”
— Frederick Buechner, The Sacred Journey: A Memoir of Early Days

---

**Geestelike waardes: Kuns kan ’n mens help om meer as die gewone te sien**

Tydens die pasafgelope Woordfees op Stellenbosch – met die meerduidige tema “Borrel” – het ’n mens dikwels gehoor hoe feesgangers vertel dat ’n toneelstuk, musiekuitvoering, kunsuitstalling, boekbekendstelling of aktuele gesprek hulle diep aangeraak het of vir hulle vars perspektiewe gebied het. Wat, kan ons vra, maak dat sekere kreatiewe uitinge hierdie reaksie by mense ontlok?

In sy boek Abundantly More: The Theological Promise of the Arts in a Reductive World (2023), dink Jeremy Begbie vanuit ’n teologiese perspektief juis oor dié vraag na. Hy is veral geïnteresseerd hoe kuns gestalte kan gee aan die besef dat mense en die wyer wêreld méér inhou as wat met ’n oppervlakkige kyk waarneembaar is.

So ’n “méérheid” staan vir hom teenoor die verskralings wat ’n te “plat” verstaan van die werklikheid meebring. Hy haal dan ook iewers vir Jeanette Winterson aan: “The earth is not flat, and neither is reality. Reality is continuous, multiple, simultaneous, complex, abundant, and partly invisible.”

Vir Begbie kan die skep en belewenis van kuns help om weerstand te bied teen ’n beperkende lewenshouding waarvolgens ons meen dat ons die werklikheid volledig kan beheer en vasvang. Kuns kan ’n begrip kweek vir die feit dat dit wat ons dink ons ken dalk meer andersoortig is as wat ons aanneem. En dat dit wat vreemd voorkom dalk vir ons nie so veraf en onbekend is nie.

As teoloog wys Begbie ook daarop dat die Bybel getuig dat ons God nie kan omvat, reduseer en inperk nie, en dat daar ’n oorvloedigheid in God se kreatiewe bemoeienis met die wêreld is. Begbie verbind dit dan ook met die gedagte dat die teologiese betekenis van die kunste saamhang met hoe dit ons tydsgees se reduksies van die werklikheid kan teenwerk en aan ’n méérheid vorm kan gee.

Die tema van vanjaar se Woordfees het my laat dink aan ’n borrel-toneel in Marilynne Robinson se roman Gilead wat ook iets van die raaksien van die hiér se méér uitbeeld. In ’n brief aan sy jong seun, vertel die 76-jarige predikant John Ames van ’n keer wat ’n seepbel by sy venster verbybeweeg het. Hy het na buite gekyk en gesien hoe sy seun en vrou seepbelle na die kat blaas, met Soapy die kat wat uitgelate aan die spel deelneem.

Hy skryf verder hieroor: “Some of the bubbles drifted up through the branches, even above the trees. You were too intent on the cat to see the celestial consequences of your worldly endeavours. They were very lovely . . . and so much laughter. Ah, this life, this world.” – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*